# G1 - God is Heilig

**Doel van les:**

- In hierdie week se les praat ons oor God as 'n heilige God.

**Ysbreker:**

- **Seep resies:** Gee vir elke groep 'n emmer water met 'n sepie. Hulle kry 3 minute om te kyk of hulle die seep heeltemal opgelos kan kry in die water.

Ons gaan vandag leer dat God heilig is. Ek gaan julle gou 'n paar minute gee om te gesels en te kyk of julle mooi vir my kan verduidelik wat julle dink heilig beteken.

Kry terugvoering van groepe.

Sê: Ek weet dit was die ysbreker was 'n moeilike taak en dat niemand dit kon regkry nie, maar kyk bietjie na julle hande. Is dit skoon? Ja, dis nogals heelwat skoner teen die wat nie aan die seep geraak het nie. Daar is Iemand wat selfs nog skoner is as wat julle hande nou is. Dis natuurlik God.

Die Bybel vertel ons dat God 'n Heilige God is. Dit beteken dat Hy sonder sonde is. Hy is perfek op elke manier. Hy het nooit 'n lelike gedagte nie. Hy maak nooit 'n fout nie. Hy doen altyd wat reg en goed is.

**Groepwerk**:

Gee vir elke groep 'n glas met water en voedselkleursel in, 'n teelepel en ook 'n klein botteltjie met kookolie. Die groepleier moet die olie in die water gooi en dan roer. Die olie en gekleurde water sal vir 'n oomblik meng, maar sodra jy ophou roer, sal die water en olie skei.

Sê: Veronderstel die water is sonde en die olie is God. Mens kan sien uit hierdie voorbeeld dat God nie met sonde kan meng nie. God haat sonde en kan nie wees daar waar sonde is nie oor Hy 'n heilige God is. Hy is baie lief vir ons, maar Hy haat die sondes wat ons doen. Dis hoekom ons Jesus nodig het. Hy was ons skoon soos die seep en deur Hom kan ons silwerskoon voor God staan. Dan moet ons ook aanhou om Jesus te volg en nie net doen wat ons wil doen en aangaan op die verkeerde pad nie.

Voor ons afsluit, wil ek 'n paar vragies vra en julle kan dit net in julle harte antwoord.

- Sal jy sê jou woorde is heilig?
- Is jou gedagtes heilig?
- Is dit wat jy kyk heilig?

- Is dit waarna jy luister heilig?

As jy nie gelukkig voel met die antwoorde wat jy vandag gegee het nie, is dit beslis tyd om na Jesus te gaan.  Julle is welkom om na die tyd met 'n grootmens te kom praat.

Sluit af in groepe met gebed.